

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saak Nr: 236/2013

In die saak tussen:

<u>FRANK JAMES DE BEER N.O.</u>	1 ^{ste} Applikant
<u>MARIETTE DE BEER N.O.</u>	2 ^{de} Applikant
<u>ABRAHAM JACOBUS DU PLESSIS N.O.</u>	3 ^{de} Applikant

en

<u>MAINSERVE AFRICA (EDMS) BPK</u>	1 ^{ste} Respondent
<u>KHOSIMANG EDGAR ERIC RAMONGALO</u>	2 ^{de} Respondent
<u>HENDRE VAN DER MERWE</u>	3 ^{de} Respondent
<u>ZAMILE JACOB GCWILI</u>	4 ^{de} Respondent
<u>BERNARD VAN DER WALT N.O.</u>	5 ^{de} Respondent
<u>JACOBUS ELISA KRITZINGER N.O.</u>	6 ^{de} Respondent
<u>RONEL VAN DER WALT N.O.</u>	7 ^{de} Respondent
<u>JACOBUS GREEFF FOURIE</u>	8 ^{ste} Respondent
<u>MAATSKAPPYE EN INTELLEKTUELE</u>	
<u>EIENDOM KOMMISSIE</u>	9 ^{de} Respondent
<u>REGISTRATEUR VAN AKTES:</u>	
<u>BLOEMFONTEIN</u>	10 ^{de} Respondent

<u>UITSPRAAK:</u>	DAFFUE, R
--------------------------	-----------

<u>AANGEHOOR OP:</u>	3,4 & 6 NOVEMBER 2015
-----------------------------	-----------------------

<u>GELEWER OP:</u>	11 FEBRUARIE 2016
---------------------------	-------------------

I INLEIDING

[1] Hierdie aangeleentheid, 'n twis oor aandele in 'n maatskappy, is so lank gelede as 6 Junie 2013 vir

mondelinge getuienis verwys en gelas dat die volgende geskilpunte bereg moet word:

1. Respondente se verweer dat applikante se eis vir die oordrag van aandele op grond van die *rei vindicatio* verjaar het;
2. Of applikante 'n volledige skuldoorsaak uitgemaak het in soverre restitusie van die R600 000.00 deposito wat dit ontvang het uit hoofde van 'n nietige koopkontrak van aandele nie getender is nie;
3. Of respondente kan steun op estoppel op grond van skynverwekking wat na bewering plaasgevind het.

II **DIE PARTYE**

[2] Applikante is Mnr en Mev De Beer en Mnr A J du Plessis in hulle hoedanighede as trustees van die Dilligaf Trust (hierin later na verwys as “die trust”). Adv N Snellenburg SC het namens hulle verskyn in opdrag van Rossouws Prokureurs van Bloemfontein.

[3] Tien respondente is gesiteer maar agtste to tiende respondente, Mnr J G Fourie, die Maatskappye en Intellektuele Eiendommekommissie en die Registrateur van Aktes, Bloemfontein, onderskeidelik, het geen rol gespeel in die verrigtinge voor my nie. Negende respondent het inderdaad skriftelik te kenne gegee dat dit berus by enige beslissing deur die hof gemaak te word.

- [4] Die maatskappy oor wie se aandeelhouing die twis gaan, te wete Mainserve Africa (Edms) Bpk, is as eerste respondent gesiteer. Tweede tot sewende respondente is Khosimang Edgar Eric Ramongalo, Hendre van der Merwe, Zamile Jacob Gcwili, Bernard van der Walt NO, Jacobus Elisa Kritzingen NO, Ronel van der Walt NO (laasgenoemde drie in hulle verteenwoordigende hoedanighede as trustees van die Luan Trust. McIntyre & Van der Post Prokureurs het te alle tersaaklike tye namens eerste tot sewende respondente opgetree. Adv A.J.R. van Rhyn SC het aanvanklik namens respondente die woord gevoer tydens die destydse aanhoor van die aansoek, terwyl Adv P. U. Fischer SC namens respondente opgetree het tydens die aanbied van mondelinge getuienis en slotbetoë.

III DIE REGSHULP GEVORDER

- [5] Blykens die kennisgewing van mosie verlang applikante die volgende regshulp wat *verbatim* aangehaal word:

- “1. Dat verklaar word dat die skriftelike kooporeenkoms aangegaan en gesluit tussen die **Dilligaf Trust**, verteenwoordig deur **Frank James De Beer** en die Eerste, Tweede, Derde, Vierde, Vyfde, Sesde, Sewende en Agste Respondente, gedateer **10 Julie 2008**, nietig is;
2. Dat die oordrag van die ondergemelde uitgereikte aandele in die Eerste Respondent na die ondergemelde Respondente nietig is, te wete:
 - 2.1 **1 004** (Eenduisend en Vier) gewone aandele aan **Zamile Jacob Gcwili** (Vierde Respondent) op **9 September 2008** per aandele sertifikaat nr. 10;

- 2.2 **596** (Vyfhonderd Ses en Negentig) gewone aandele aan **Hendre Van der Merwe** (Derde Respondent), per aandele sertifikaat nr. 11;
 - 2.3 **796** (Sewehonderd Ses en Negentig) gewone aandele aan die **Luan Trust – IT1262/1995** (Vyfde, Sesde en Sewende Respondente) per aandele sertifikaat nr. 13.
 - 2.4 **200** (Tweehonderd) gewone aandele aan die **Luan Trust – IT1262/1995** (Vyfde, Sesde en Sewende Respondente) per aandele sertifikaat nr. 12;
 - 2.5 **1 000** (Eenduisend) gewone aandele aan **Khosimang Edgar Eric Ramongalo** (Tweede Respondent, per aandele sertifikaat nr.15;
 - 2.6 **4** (Vier) gewone aandele aan **Khosimang Edgard Eric Ramongalo** (Tweede Respondent, per aandele sertifikaat nr. 14.
3. Dat die Respondente gelas word om sonder versuim die aandeel oordrag dokumente wat deur die Applikante se ouditeure aan hul voorgelê word, te onderteken sodat die aandele sonder versuim oorgedra kan word na die Trust;
 4. Dat die Tweede, Derde, Vierde, Vyfde, Sesde en Sewende Respondente se aanstelling as direkteure in die Eerste Respondent nietig verklaar word, alternatiewelik, dat gelas word dat die voormelde Respondente verbied word om verder as direkteure van die Eerste Respondent op te tree en te handel;
 5. Dat die Balju van die Hof gemagtig word om enige en alle dokumente vir die oordrag van die aandele van die relevante Respondente na die Trust te bewerkstellig binne vyf (5) dae nadat hierdie bevel verleen is, indien die Respondente weier of versuim om die dokumente te onderteken.
 6. Dat die Eerste tot en met Agtste Respondente verbied word om die onroerende eiendom beter bekend en omskryf as **Erf [....], [....], Bloemfontein**, beter bekend as **[....], [....], Bloemfontein** waarvan die Eerste Respondent huidiglik die geregistreerde eienaar is, te vervreem, alternatiewelik indien

- die eiendom reeds vervreem is, oordrag van die eiendom te gee aan enige derde;
7. Dat die Registrateur van Aktes (Tiende Respondent) verbied word, om die onroerende eiendom bekend en omskryf as **Erf [...], [...], Bloemfontein**, beter bekend as [...], [...], **Bloemfontein**, aan enige derde persoon oor te dra en op enige ander persoon se naam te registreer uit hoofde van 'n koopvooreenkoms aangegaan en gesluit op grond van 'n besluit of resoluëie van die Tweede tot Agste Respondent as aandeelhouders en/of direkteure van die Eerste Respondent;
 8. Dat die Tweede tot en met Sewende Respondent die koste te wyte aan die aansoek betaal, gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander kwytgeskel te word, alternatiewelik en indien enige ander Respondente die aansoek ook opponeer dat sodanige Respondent gesamentlik en afsonderlik met Tweede tot Sewende Respondent die koste van die aansoek sal betaal, die een betaal die ander kwytgeskeld te word."

IV RELEVANTE FEITE BUITE GESKIL

[6] Die volgende feite is buite geskil:

- 6.1 Op 10 Julie 2008 is 'n koopkontrak gesluit vir die verkoop van aandele, te wete 90% van die uitgereikte aandele in eerste respondent welke aandele, 3 600 in totaal, verkoop is vir 'n totale koopprys van R3.6 miljoen. Die kopers van die aandele, te wete tweede tot sewende respondente, het die aantal aandele ontvang soos in die Kennisgewing van Mosie uiteengesit.
- 6.2 Die trust was die verkoper van die aandele. Die trust is met kontraksluiting verteenwoordig deur Frank James De Beer, (hierin later na verwys as "De Beer"), hy

synde die oprigter en mede-trustee van die trust. Hy het voorgegee om op te tree ooreenkomstig 'n resoluëie van trustees gedateer 13 April 2007.

- 6.3 Op datum van kontraksluiting was De Beer, sy eggenote Mev Mariëtte de Beer ("Mev De Beer") en Jacobus Elisa Kritzinger ("Kritzinger"), 'n ouditeur en onafhanklike trustee, die drie trustees van die trust.
- 6.4 Kritzinger het voorheen opgetree as ouditeur van De Beer en sy entiteite en na sy dienste as ouditeur beëindig is, is Mnr Christiaan Wagenaar ("Wagenaar") deur De Beer aangestel om as ouditeur op te tree.
- 6.5 'n Dokument gedateer 2 Junie 2008, synde 'n briefhoof van die trust waarop die trustees aangedui word as F J de Beer, M de Beer en C Wagenaar, vorm deel van die aansoekstukke en daarvolgens bevestig hierdie drie persone onder hulle handtekeninge *ex facie* die dokument dat 'n vergadering van trustees gehou is, dat besluit is om 3 600 aandele van die trust te verkoop aan Khosimang Edgar Eric Ramongalo (in hierdie aansoek gesiteer as tweede respondent) en dat De Beer gemagtig word om die dokumente namens die trustees te onderteken.
- 6.6 Mnr Du Plessis ("Du Plessis"), die derde applikant, is eers op 11 April 2012 as mede-trustee van die trust aangestel soos blyk uit 'n gewysigde magtigingsbrief uitgereik deur die Meester van die Hoë Hof in terme van artikel 6(1) van die Wet op Beheer van Trustgoed, 57 van 1988 ("die Trustwet"). Daarvolgens word die trustees aangedui as De Beer, Mev De Beer en Du Plessis.

- 6.7 Kritzinger het net voor die uitreiking van die voormelde gewysigde magtigingsbrief as trustee van die trust bedank, skynbaar in opdrag van applikante se prokureurs en op 'n stadium toe hulle tot die besef gekom het dat die aksie ingestel op 16 Februarie 2012 onder saaknr 665/2012 deur die verkeerde trustees ingestel is. Die eisers in hierdie saak is gesiteer as De Beer, Mev De Beer en Wagenaar in hulle hoedanighede as trustees van die trust.
- 6.8 Dit is duidelik dat alhoewel Wagenaar as ouditeur van De Beer en sy entiteite oorgeneem het by Kritzinger, hy nooit as trustee van die trust aangestel is nie en het die Meester bygevolg ook op geen stadium 'n magtigingsbrief uitgereik waarin hy as mede-trustee figureer nie.
- 6.9 Wagenaar het in sy skriftelike verklaring erken dat nadat hy by Kritzinger as ouditeur oorgeneem het, De Beer hom meegedeel het dat "hy graag wou hê dat ek as trustee by Mnr Kritzinger moes oorneem".
- 6.10 Die partye is dit eens dat die koopkontrak van die aandele in eerste respondent nietig is.

V OORWEGING VAN DIE MONDELINGE GETUIENIS AANGEBIED EN EVALUERING DAARVAN AAN DIE HAND VAN DIE BEWESE FEITE EN REGSBEGINSELS

- [7] In so verre die bewyslas op respondente rus om verjaring waarop hulle steun te bewys het ek gelas dat respondente moet begin met die aanbod van getuienis. Slegs twee getuies, die ouditeurs Kritzinger en Wagenaar, is geroep om

namens respondente te getuig. Geen getuienis is namens applikante aangebied nie.

- [8] Gedurende die getuienis van Wagenaar is hy gekonfronteer met 'n verdere dokument wat De Beer opgespoor het nadat die aansoek destyds geargumenteer is. Dit is 'n dokument soortgelyk aan die een van 2 Junie 2008 waarna hierbo verwys is. Die inligting daarin vervat verskyn ook op 'n briefhoof van die trust en dit is gedateer 13 April 2007. Dit gee voor 'n notule van die trust te wees ingevolge waarvan ooreengekom is dat die trust al die aandeelhouding, 1 900 aandele, in Mainserve Africa (Edms) Bpk wat deur die Luan Trust gehou word, bekom teen 'n koopprys van R2.254 miljoen. Voorts is De Beer ook gemagtig om alle dokumente namens die trust te teken. Hierdie dokument is weer eens onderteken deur De Beer, Mev De Beer en Wagenaar. Afgesien van die feit dat die dokument Wagenaar se handtekening bevat, kon hy geen verduideliking daarvoor gee nie anders as om te sê dat hy wel advies gegee het met betrekking tot die verkoop van aandele maar niks meer as dit nie. Die dokument is ook verwarrend in die mate dat dit voorgee dat die trustees van die trust ooreengekom het om die aandeelhouding van die Luan Trust in Mainserve Africa (Edms) Bpk aan te koop en nie dat die trust sy aandeelhouding verkoop nie. Ek bevestig weer eens dat die koopkontrak vir die verkoop van aandele gedateer 10 Julie 2008 waarna hierbo verwys is, aandui dat De Beer gemagtig is deur 'n resoluëie van die trustees gedateer 13 April 2007 om inderdaad aandele te verkoop en nie aan te koop nie.

- [9] Beide Kritzinger en Wagenaar was baie onseker in hulle getuienis, maar dit is tot 'n groot mate verstaanbaar gegewe die aantal kliënte wat hulle waarskynlik op 'n daaglikse basis bedien en die tydsverloop. Dit bly egter onverstaanbaar dat Kritzinger nie toe sy dienste as ouditeur beëindig is, toegesien het dat hy op daardie stadium bedank as trustee van die trust nie. Dit is gerieflik om nou die blaam op De Beer te plaas as die oprigter van die trust vir die versuim om te verseker dat die onafhanklike trustee, synde Kritzinger, vervang word deur die nuwe ouditeur as onafhanklike trustee, te wete Wagenaar. Feit bly staan dat besigheidsmense juis kundiges soos ouditeurs aanstel om te verseker dat hul sake in orde is. Indien De Beer met instel van die aksie onder saaknr 665/2012 geweet en/of onder die indruk was dat Kritzinger nog 'n mede-trustee was, sou hy sekerlik sy prokureurs aldus ingelig het. Die blote feit dat Wagenaar as mede-eiser gesit is, is aanduidend dat De Beer aanvaar het dat alle formaliteite deur Wagenaar nagekom is vir die vervanging van Kritzinger as trustee. Enige versuim wat aan De Beer toegeskryf kan word, kan nie op nalatigheid of roekeloosheid neerkom nie. Te veel gewag is gemaak deur respondente van die feit dat De Beer die trustoprigter was en sy magte soos in die trustakte uiteengesit.
- [10] Selfs met aanvaarding van die getuienis wat gelewer is en nieteenstaande die kritiek wat uitgebring is in kruisverhoor het dit nou aan die hand van die jongste gesag van die Hoogste Hof van Appèl aan die lig gekom dat hierdie getuienis nie die saak enigsins verder neem nie. Ek handel aanstons daarmee.

VI ESTOPPEL

[11] Alhoewel respondente op skynverwekking gesteun het in hulle beantwoordende beëdigde verklarings en Mnr Van Rhyn sekere submissies daaromtrent gemaak het in sy skriftelike betoogshoofde, het hy by die aanhoor van die aansoek tydens sy mondelinge betoog feitlik in soveel woorde toegegee dat die verweer niks om die lyf het nie en het hy versuim om die aspek enigsins te argumenteer. Mnr Fischer wat by hom oorgeneem het, het nóg in sy aanvullende betoogshoofde, nóg in mondelinge argument hierdie aspek beredeneer. In die lig van die houding van twee senior advokate meen ek nie dat dit nodig is om hierdie aspek enigsins verder te neem nie en onderskryf ek Mnr Snellenburg se argument dat respondente nie suksesvol op enige skynverwekking kan steun nie. 'n Party kan hom nie op estoppel beroep en daardeur geldigheid verleen aan 'n nietige kontrak nie. Vergelyk **Trust Bank van Afrika Bpk v Eksteen** 1964 (3) SA 402 (A) te 411H – 412B en **Strydom v Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika** 1972 (1) SA 801 (A) te 815B-H.

VII VERJARING

[12] Ek het in my uitspraak van 6 Junie 2013 toe die aangeleentheid vir mondelinge getuienis verwys is aangetoon dat applikante 'n opdraande stryd het om die verweer van verjaring te omseil. Op daardie stadium was daar onsekerheid of verjaring wel as 'n verweer teen die *rei*

vindicatio opgewerp kan word. Intussen het die Hoogste Hof van Appèl finaliteit verskaf.

- [13] Daar was tot baie onlangs onsekerheid of 'n eis vir lewering van eiendom ingevolge die *rei vindicatio* 'n "skuld" is soos bedoel in artikel 10 van die Verjaringswet, 68 van 1969 wat dus deur middel van verjaring uitgewis kan word. In **Bester NO & Others v Schmidt Bou Ontwikkelings CC** 2013 (1) SA 125 (SCA) het die hof te kampe gehad met 'n aanspraak op rektifikasie van 'n transportakte. Brand, AR wat die uitspraak namens die volle hof gelewer het, het hom onder andere soos volg uitgelaat te para [12]:

"Hence I agree with the court a quo that Schmidt Bou's claim for rectification of the deed of transfer did not constitute a claim for delivery of property in the form of a *rei vindicatio*. Nor did the relief claimed rely on any obligation by Innova to do, or to refrain from doing, anything."

Brand, AR het saamgestem met die hof *a quo* se gevolgtrekking dat Schmidt Bou se eise nie uitgewis is deur verjaring nie en soos volg voortgegaan te para [15]:

"[15] ... The conclusion thus reached renders it unnecessary to decide whether a claim based on the *rei vindicatio* is a debt which prescribes after three years. ... Though Barnett has been confirmed by this court in *Grobler v Oosthuizen* 2009 (5) SA 500 (SCA) para 18; and in *Leketi v Tladi* NO [2010] 3 ALL SA 519 (SCA) paras 8 and 21, I must admit that I find the reasoning in *Staegemann* attractive and, at least on the face of it, quite convincing. I therefore have no doubt that the case will come where this court will have to reconsider the correctness of the

decisions in Barnett, Grobler and Leketi that the *rei vindicatio* is extinguished by prescription after three years. ...”

[14] In **Staegemann v Langehoven & Others** 2011 (5) SA 648 (WCC) het Blignault R tot die gevolgtrekking gekom dat ‘n aksie op grond van die *rei vindicatio* nie ‘n “skuld” vir doeleindes van artikel 10 van die Verjaringswet is nie. In daardie geval is die applikant se voertuig op ‘n bedrieglike wyse verkoop aan die derde respondent wat dit op sy beurt weer aan die eerste respondent verkoop het. Die hof het onderskeid getref tussen saaklike regte (“real rights”) en persoonlike regte (“personal rights”) en die feit dat die Verjaringswet die verkryging van saaklike regte hanteer in hoofstukke 1 en 2 daarvan, terwyl bevrydende verjaring van verpligtinge in hoofstuk 3 behandel word. Die geleerde regter het ook in paragraaf 20 van die uitspraak met goedkeuring verwys na die menings van Professor J C de Wet in ‘n memorandum wat hy vir die destydse SA Regskommissie voorberei het vir doeleindes daarvan om die 1943 Verjaringswet te herskryf, en soos gepubliseer in JJ Gauntlett, **JC de Wet: Opuscula Miscellanea** te 77 en 78.

[15] Die geleerde Regter het voorts verwys na die *obiter* opmerkings van Brand, AR in **Barnett & Others v Minister of Land Affairs and Others** 2007 (6) SA 313 (SCA) te para [19] waar die agbare appèlregter bereid was om die volgende te aanvaar:

“I am also prepared to accept that the vindicatory relief which the government seeks to enforce constitutes a ‘debt’ as contemplated by the Prescription Act. Though the Act does not

define the term 'debt', it has been held that, for purposes of the Act, the term has a wide and general meaning and that it includes an obligation to do something or refrain from doing something ..."

Uitgaande van die veronderstelling dat eiendomsreg die mees omvattende saaklike reg is en dat die *rei vindicatio* 'n remedie daarstel wat beskikbaar is vir 'n eienaar om sy eiendom te vorder van wie ook al in besit daarvan is en met inagneming van die onderskeid tussen verkrygende en bevrydende verjaring in hoofstukke 1 en 2 aan die een kant en hoofstuk 3 van die Verjaringswet aan die ander kant soos hierbo uiteengesit, het Blignault, R uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom dat die applikant, as eienaar van die betrokke voertuig, se aksie op grond van die *rei vindicatio* om die voertuig in besit te neem, nie verjaar het nie.

- [16] Op die stadium toe hierdie aansoek vir mondelinge getuienis verwys is, was daar nog onsekerheid met betrekking tot die vraag of 'n aksie op grond van die *rei vindicatio* na drie jaar verjaar op grond van die beginsel van bevrydende verjaring soos vervat in hoofstuk 3 van die Verjaringswet. Die kwessie is egter intussen deur die Hoogste Hof van Appèl oorweeg en finaal besleg. Vergelyk: **Absa Bank Ltd v Keet** 2015 (4) SA 474 (SCA). Die hof het tot die bevinding gekom dat die betrokke respondent se spesiale pleit van verjaring teen die bank se eis om lewering van 'n motorvoertuig nie gehandhaaf moes word deur die hof *a quo* nie. Daar is ook ruimskoots verwys na die struktuur van die Verjaringswet soos hierbo uiteengesit en die memorandum van Professor J

C de Wet. Bygevolg het die hof by monde van Zondi, AR tot die volgende gevolgtrekking gekom:

“[25] ... To equate the vindicatory action with a “debt” has an unintended consequence in that by way of extinctive prescription the debtor acquires ownership of a creditor’s property after three years instead of 30 years that is provided for in s 1 of the Prescription Act. This is an absurdity and not a sensible interpretation of the Prescription Act.”

Bygevolg het die Hoogste Hof van Appèl afgewyk van die vroeëre beslissings van dieselfde hof waarna hierbo verwys is, te wete **Barnett**, **Grobler** and **Leketi**.

[17] Bygevolg is enige onsekerheid wat kon bestaan op die stadium toe die aansoek aanvanklik aangehoor is intussen uit die weg geruim en kan daar geen twyfel meer wees nie dat die verweer van verjaring verwerp behoort te word met die gevolg dat applikante se aksie op grond van die *rei vindicatio* moet slaag.

[18] Die verdere argumente wat gevoer is om aan te toon dat De Beer nalatig of selfs roekeloos opgetree het en dat hy op ‘n vroeër stadium bewus moes gewees het van die ware feite in die hoop om steeds op verjaring te steun, het nou ontersaaklik geword. Ek handel dus nie met enige van daardie argumente of die getuienis waarop gesteun word nie.

VIII **VERSUIM OM RESTITUSIE AAN TE BIED**

- [19] Ek het reeds in my uitspraak toe die aangeleentheid vir mondelinge getuienis verwys is, verwys na die twee beslissings van die Hoogste Hof van Appèl, te wete **Extel Industrial (Pty) Ltd and Another v Crown Mills (Pty) Ltd** 1999 (2) SA 719 (SCA) te 732F en **Rhoode v De Kock** 2013 (3) SA 123 (SCA), para [24] te 131B - E. Dit is onnodig om die aangeleentheid verder te voer behalwe om te bevestig dat 'n party wat sy bates terugvorder op grond van die *rei vindicatio* nie nodig het om restitusie aan te bied nie. Cloete, AR het in **Rhoode v De Kock** die kwessie van restitusie aangespreek in paras [20] – [25] van die uitspraak. Hy het onder andere daarop gewys dat in **Bonne Fortune Beleggings BK v Kalahari Salt Works (Pty) Ltd & Andere** 1974 (1) SA 414 (NC) te 424C – 427A waarop appellant se advokaat gesteun het, dit juis gegaan het oor 'n eis vir restitusie. Ook in **Patel v Adam** 1977 (2) SA 653 (A) het die appèlhof te doen gehad met 'n geval waar 'n eiser wat op die *rei vindicatio* gesteun het, spesifiek betaling aangebied het van die bedrag wat aan hom betaal is vir die koopprys tesame met sy bewering dat die kontrak nietig is. Cloete, AR het steun gevind vir sy benadering in die beslissing van die volbank in **Vogel NO v Volkersz** 1977 (1) SA 537 (T) te 554H- 555C en uiteindelik in paragraaf [24] tot die volgende gevolgtrekking gekom:

“Of course the appellant is entitled to return of the R400 000 he has paid (subject to any counterclaim), otherwise the respondents would be unjustly enriched. But that means that the appellant has an action for the money; it does not mean that respondents were obliged to tender the return of the money to

complete the cause of action. The cause of action chosen by them was complete without such a tender.”

- [20] In *casu* het die applikante R600 000,00 ontvang as deposito vir die aandele wat verkoop kragtens die nietige koopkontrak en is dit respondente se saak soos verwoord deur Mnr Fischer dat hierdie bedrag tesame met rente *a tempore morae* as restitusie aangebied moes word ten einde 'n volledige skuldoorsaak te openbaar, alternatiewelik dat indien die hof sou bevind dat applikante geregtig is op oordrag van die 3 600 aandele in eerste respondent, 'n bevel in daardie terme gemaak behoort te word ten einde te voorkom dat applikante onregverdiglik verryk word ten koste van tweede tot sewende respondente. Applikante het geen aanbod tot restitusie gemaak in hul aansoekstukke nie, maar Mnr Snellenburg het reeds by 'n vorige geleentheid en ook tydens die aanhoor van die finale argumente aangedui dat die hof in sy diskresie dit sou kon oorweeg om te gelas dat die bedrag van R600 000,00 sonder enige rente aan tweede tot sewende respondente betaal word in ruil vir die oordrag van die aandele in eerste respondent aan applikante.
- [21] Dit is 'n gewigtige aangeleentheid om te hanteer. Menige aspekte speel 'n rol en daar is na my oordeel onvoldoende getuienis aangebied ten einde my in staat te stel om 'n behoorlike diskresie uit te oefen met die feite tot my beskikking. Dit is so dat applikante die voordeel van die R600 000,00 ontvang het en dit moontlik gunstig kon belê of daarmee kon woeker tot hulle voordeel. Aan die ander kant het tweede tot sewende respondente die voordeel bekom om weer te woeker met die eerste respondent en te verseker dat

gunstige kontrakte gesluit word en die besigheid daarvan van krag tot krag gaan. Die effek hiervan sou wees dat tweede tot sewende respondente in die geval waar eerste respondent suksesvol is, aansienlike dividende kon verdien en dat dit enige voordeel wat applikante ontvang het, by verre oorskry. Dit is alles spekulasie. Daar is geen feitebasis voor my geplaas om 'n bevinding hieromtrent te maak nie. Tweede tot sewende respondente sou geregtig gewees het om aksie in te stel vir die verhaal van die R600 000,00 en sou dit kon doen aan die begin van 2012 toe hulle reeds heeltemal korrek die punt geneem het dat die koopkontrak van die aandele nietig is. In so verre hul eis vir terugbetaling moontlik verjaar het, is dit 'n aspek wat wel oorweeg behoort te word in die lig van applikante se aanbod in die ope hof tydens argument en om te verseker dat geregtigheid geskied. Ek is in die lig van applikante se aanbod tot restitusie bereid om hulle te gelas om die bedrag van R600 000,00 te betaal op datum wanneer die aandele in eerste respondent in hul name as trustees van die trust geskied. Ek is egter nie bereid om gehoor te gee aan Mnr Fischer se submissie dat applikante ook gelas behoort te word om rente te betaal nie.

IX GEVOLGTREKING

- [22] Ek is bygevolg van oordeel dat applikante 'n behoorlike saak uitgemaak het vir die regshulp wat hulle vorder. Die partye was dit vanuit die staanspoor met mekaar eens dat die koopkontrak van aandele in eerste respondent nietig is. Dit volg dan ook dat die oordrag van aandele om gevolg te gee

aan 'n nietigheid, eweneens nietig is. Dit mag dalk nou mosterd na die maal wees om die bedes vervat in paragrawe ses en sewe van die kennisgewing van mosie te verleen, maar in die lig van die wesenlike sukses deur applikante behaal is dit nie onvanpas om ook daardie bedes toe te staan nie.

- [23] Applikante het 'n kostebevel versoek teen tweede tot en met sewende respondente met dien verstande dat indien enige van die ander respondente die aansoek opponeer, 'n kostebevel ook teen sodanige respondent verleen behoort te word. Die aansoek is geopponeer deur eerste tot en met sewende respondente. In die lig daarvan dat applikante nou geregtig word op die aandele in eerste respondent sal dit onlogies wees om eerste respondent te gelas om koste van die geding te betaal tesame met die ander respondente. So 'n bevel sal tot die nadeel van applikante en onbillik wees. Die aangeleentheid is nie deur die advokate oorweeg en geargumenteer nie, maar in die uitoefening van my diskresie het ek oortuig geword dat 'n kostebevel teen slegs tweede tot sewende respondente gegee behoort te word.

X BEVELE

- [24] Die volgende bevele word gemaak:

1. Dit word verklaar dat die skriftelike kooporeenkoms aangegaan en gesluit tussen die Dilligaf Trust, verteenwoordig deur Frank James De Beer en die eerste, tweede, derde, vierde, vyfde, sesde en

sewende respondente gedateer 10 Julie 2008 nietig is;

2. Dit word verklaar dat die oordrag van die ondergemelde uitgereikte aandele in die eerste respondent na die ondergemelde respondente nietig is, te wete:

- 2.1 1 004 (Eenduisend en Vier) gewone aandele aan Zamile Jacob Gcwili (vierde respondent) op 9 September 2008 per aandelesertifikaat nr. 10;
 - 2.2 596 (Vyfhonderd Ses en Negentig) gewone aandele aan Hendre Van der Merwe (derde respondent), per aandelesertifikaat nr. 11;
 - 2.3 796 (Sewehonderd Ses en Negentig) gewone aandele aan die trustees van die Luan Trust – IT1262/1995 (vyfde, sesde en sewende respondente) per aandelesertifikaat nr. 13;
 - 2.4 200 (Tweehonderd) gewone aandele aan die trustees van die Luan Trust – IT1262/1995 (vyfde, sesde en sewende respondente) per aandelesertifikaat nr. 12;
 - 2.5 1 000 (Eenduisend) gewone aandele aan Khosimang Edgar Eric Ramongalo (tweede respondent), per aandelesertifikaat nr.15;
 - 2.6 4 (Vier) gewone aandele aan Khosimang Edgard Eric Ramongalo (tweede respondent), per aandelesertifikaat nr. 14.
3. Tweede tot en met sewende respondente word gelas om sonder versuim alle aandeeloordragdokumente wat deur applikante se ouditeure aan hulle voorgelê word, te onderteken sodat die aandele sonder versuim oorgedra kan word na die trustees van die

Dilligaf Trust teen betaling van die bedrag van R600 000,00, welke bedrag pro rata aan die onderskeie respondente betaalbaar is na gelang van hul aandeelhouding in eerste respondent;

4. Tweede, derde, vierde, vyfde, sesde en sewende respondente se aanstelling as direkteure van die eerste respondent word nietig verklaar en hulle word verbied om verder as direkteure van die eerste respondent op te tree en/of te handel;
5. Die Balju van die Hof word gemagtig om enige en alle dokumente vir die oordrag van die aandele van die relevante respondente na die trustees van die Dilligaf Trust te bewerkstellig binne vyf (5) dae nadat hierdie bevel verleen is, ingeval die respondente weier of versuim om die dokumente te onderteken.
6. Eerste tot en met sewende respondente word verbied om die onroerende eiendom bekend en omskryf as Erf [...], [...], Bloemfontein, beter bekend as [...], [...], Bloemfontein waarvan die eerste respondent huidiglik die geregistreerde eienaar is, te vervreem, alternatiewelik indien die eiendom reeds vervreem is, oordrag van die eiendom te gee aan enige derde;
7. Die Registrateur van Aktes (tiende respondent) word verbied om die onroerende eiendom bekend en omskryf as Erf [...], [...], Bloemfontein, beter bekend as [...], [...], Bloemfontein, aan enige derde persoon oor te dra en op enige ander persoon se naam te registreer uit hoofde van 'n kooporeenkoms aangegaan en gesluit op grond van 'n besluit of resoluëie van die tweede tot sewende respondente as

aandeelhouders en/of direkteure van die eerste respondent;

8. Tweede tot en met sewende respondente word gelas om die koste van die aansoek te betaal, gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander kwytskeld te word.

J. P. DAFFUE, R

Namens die applikante: Adv. N. Snellenburg SC
In opdrag van:
Rossouws Attorneys
BLOEMFONTEIN

Namens die eerste tot
sewende respondente: Adv. P. U. Fischer SC
In opdrag van:
McIntyre & Van der Post
BLOEMFONTEIN

